higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KONSTRUKSIEBEPLANNING
NKR VLAK 3

(12010253)

04 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

BENODIGHEDE: A3-tekenvel.

Tekeninstrumente mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en 2 diagramblaaie.

050Q1N2204

Kopiereg voorbehou

TYD: 4 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae met aandag deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Die tekeninge, sketse en diagramme moet in potlood gemaak word.
7. Sketse en/of diagramme moet netjies, taamlik groot en in verhouding gemaak word, en volledig benoem word.
8. Trek onder elke antwoord 'n streep oor die hele bladsy.
9. Trek 'n duidelike streep deur werk wat NIE nagesien moet word nie.
10. ALLE afkortings en simbole moet met dié in die jongste Nasionale Bouregulasies en alle toepaslike SANS (SABS)-kodes ooreenstem.
11. VRAAG 2.2 en VRAAG 2.3 moet op die tekenpapier beantwoord word.
    Al die ander vrae moet in die ANTWOORDBOEK beantwoord word.
12. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: KOMMUNIKASIE IN DIE KONSTRUKSIEBEDRYF

1.1. 'n Mens moet goed kommunikeer as jy deel is van 'n konstruksieprojek.

1.1.1 Wat is verbale kommunikasie?

A As meer as een persoon praat
B As mens raai wat iemand probeer sê
C As een persoon praat en 'n ander luister

1.1.2 Wat moet volledig wees sodat 'n boodskap effektiewe kommunikasie kan wees?

A Die boodskap moet gestuur en ontvang word
B Skriftelike kommunikasie
C Draai weg van die spreker

1.1.3 Noem die soort kommunikasie wat plaasvind as jy met iemand praat wat jy voor jou sien.

A Lyftaal
B Kommunikasie van aangesig tot aangesig
C Elektroniese kommunikasie

1.1.4 Watter soort kommunikasie vind plaas as mens oor die telefoon praat?

A Verbale kommunikasie en lyftaal
B Nieverbale kommunikasie
C Verbale kommunikasie en stemtoon

1.1.5 Wat is die term vir die emosie of gevoel in iemand se stem?

A Toon
B Tempo
C Gebare

1.1.6 Wat moet 'n mens onthou as jy gebaretaal gebruik?

A Gebare verskil van land tot land
B Gebruik jou linkerhand
C Geskrewe tekens

(6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

1.2 Hoewel werkers op 'n bouperseel elke dag op verskillende maniere met mekaar kommunikeer, is die kommunikasie nie altyd doeltreffend nie.

Verduidelik kortliks die volgende soorte kommunikasieversperrings:

1.2.1 Fisiese versperrings

1.2.2 Emosionele versperrings

(2 × 2) (4)
[10]

VRAAG 2: TEGNIESE TEKENINGE

2.1 Baksteenwerk wys hoe stene met dagha verbind is. Noem DRIE soorte verbande in die boubedryf. (3)

2.2 **FIGUUR 1, DIAGRAMBLAD 1** (aangeheg) toon die vooraansig, syaansig en boaansig van 'n eenvoudige woning. MOENIE die gegewe aansig oorteken nie, maar teken die volgende in eerstehoekse ortografiese projeksie:

- Vooraansig in die rigting van pyl G
- Linkeraansig in die rigting van pyl K
- Boaansig in die rigting van pyl F (13)

LET WEL: Hierdie tekening moet op die A3-tekenvel gemaak word.

2.3 **FIGUUR 2, DIAGRAMBLAD 2** (aangeheg) is 'n vertikale dwarssnitaansig van 'n fondament. Maak 'n netjiese en groot vryhandskets met die regte verhoudings en volgens die gegewe afmetings met slegs 'n potlood en uitveër. Benoem alle dele van jou skets. (14)
[30]

VRAAG 3: DIE SUID-AFRIKAANSE KONSTRUKSIEBEDRYF

3.1 Wat is die rol van regulerende liggame in die konstruksiebedryf? (3)

3.2 Noem VYF regulerende liggame in die Suid-Afrikaanse konstruksiebedryf. Skryf hulle name volledig uit. (2 × 5) (10)

3.3 Verduidelik kortliks die belangrikheid van belanghebbendes op 'n bouperseel. (4)

3.4 Skryf kort aantekeninge oor die funksies van die volgende belanghebbendes in die Suid-Afrikaanse konstruksiebedryf:

3.4.1 Kliënt of werkgewer

3.4.2 Argitek

3.4.3 Verbandgewer

(3 × 3) (9)

3.5 Kies 'n organisasierol uit KOLOM B wat pas by 'n vakbond in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.3.1	MBA	A	verteenwoordig mense wat betonprodukte maak en versprei
3.3.2	SAFCEC	B	verbeter die standaard van houtprodukte
3.3.3	CMA	C	hierdie vereniging reguleer verhoudings tussen sy lede, hulle werkgewers en vakbonde
3.3.4	ITC	D	hierdie federasie bevorder ingenieurswerk en verbeter infrastruktuur

(4 × 1) (4)

[30]

VRAAG 4: KONSTRUKSIEWETGEWING EN -REGULERING

4.1 Grond is 'n sleutelfaktor in enige bouprojek.

Verduidelik kortliks die verantwoordelikhede van iemand wat bevoeg is om grond op 'n bouperseel te klassifiseer. (3)

4.2 Beskryf kortliks TWEE maniere om 'n bevoegde persoon aan te stel.

(2 × 3) (6)

4.3 'n Plaaslike owerheid het die bevoegdheid om 'n slopingsbevel uit te reik as 'n gebou nie aan standaarde voldoen nie of as 'n gebou bouvallig is.

Verduidelik kortliks hoe die volgende strukture gesloop word:

4.3.1 'n Gebou waarvan die konstruksie pas begin het.

4.3.2 'n Bestaande gebou.

(2 × 2) (4)

4.4 Kontrakteurs moet sorg dat hulle werk voldoen aan die verordenings van die plaaslike owerheid in die gebied waar hulle werk.

Noem DRIE verpligtings waaraan kontrakteurs moet voldoen. (2 × 3) (6)

4.5 Noem VIER riglyne wat gevolg is om bouregulasies en wette vir die konstruksiebedryf uit te vaardig. (4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

4.6 Die nasionale regulasies vir die konstruksiebedryf beskerm mense en verseker dat bouwerk volgens die visie van standsbeplanners gedoen word.

Noem DRIE faktore wat in ag geneem is voordat 'n regulasie goedgekeur kon word. (3)

[30]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

DIAGRAMBLAD 1



FIGUUR 1

Kopiereg voorbehou

DIAGRAMBLAD 2



FIGUUR 2

Kopiereg voorbehou